| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | VERBRUIKERSTUDIES |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 200 |
| **DUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 18 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **SES** vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| 1 | Kort vrae (Al die onderwerpe ) | 40 | 20 |
| 2 | Die Verbruiker | 40 | 40 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising | 20 | 20 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. **AL** die vrae is **VERPLIGTEND**.

3. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringsisteem wat in die vraestel gebruik word.

4. Begin elke vraag op 'n **NUWE** bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink .

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

© SACAI KOPIEREG

# AFDELING A: KORT VRAE (Al die onderwerpe)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die onderstaande vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.20) in jou ANTWOORDBOEK bv. 1.1.21 E.

1.1.1 ‘n Voorbeeld van indirekte belasting:

A Inkomste belasting
B Brandstofheffing
C Eiendomsbelasting
D Beleggingsheffing (1)

1.1.2 Die Verbruikersbeskermingswet beskerm die verbruiker teen …

A outomatiese hernuwing van vastetermynooreenkomste.
B kredietverskaffers wat aan hulle regte voldoen.
C selfoon maatskappye wat nie kansellasie fooie hef nie.
D die leen van geld om ‘n eiendom te koop. (1)

1.1.3 ‘n Effek van inflasie:

A Prysverhogings
B Salarisverhogings
C Belastingverhogings
D Produksieverhogings (1)

1.1.4 Faktore wat die risiko om osteoporose te ontwikkel, verhoog:

A Sekere medikasie, voedsel laag in verfynde suiker
B Uitermatige alkohol inname, ‘n tekort aan estrogeen
C Matige fisiese oefening, rook
D Groot hoeveelhede koffie, geblikte vis (1)

1.1.5 Die hoof komplikasie van gastroenteritis is ...

A dehidrasie.
B vomering/braking.
C duiseligheid.
D abdominale pyn. (1)

1.1.6 Suiwelintoleransie word veroorsaak deur ‘n … tekort.

A ensiem
B vitamien
C proteïen
D hormoon (1)

1.1.7 Die kort lig-/radiogolwe wat gebruik word om voedsel te bestraal het die effek van … op voedsel.

A bevriesing
B gaarmaak
C sterilisering
D blansjering (1)

1.1.8 ‘n Voordeel van genetiese modifisering van voedsel:

A Produksiekoste mag hoër wees
B Meer voedsel sal verskaf word
C Gewasse kan in enige area verbou word
D Minder chemikalieë word gebruik (1)

1.1.9 Die “Fairtrade”-kode vereis dat die maatskappy …

A kinderarbeid gebruik.
B minimum lone betaal.
C modieuse klere maak.
D goeie werksomstandighede verskaf. (1)

1.1.10 Ekovriendelike kleedstowwe …

A produseer minder afval tydens produksie.
B word van bestaande materiale/kleedstowwe gemaak.
C vereis baie min strykwerk.
D is nie biodegradeerbaar nie. (1)

1.1.11 Die Wet op Huurbehuising beheer die verhouding tussen …

A eienaars van die eiendom en bouers.
B huurders en die huiseienaarsvereniging.
C huurders en die eienaars van die eiendom.
D eienaars van die eiendom en onderhoud spanne. (1)

1.1.12 Die eenmalige fooi wat deur die bank gehef word om die huislening te verwerk:

A Aanvangsfooi
B Diensfooi
C Oordragsfooi
D Huisleningsfooi (1)

1.1.13 ‘n Kontrak waarin die kredietverskaffer/bank die verkoopsprys van eiendom namens die verbruiker betaal:

A Kredietkontrak
B Afbetalingverkoopkontrak
C Nie-verbandlening
D Verbandlening (1)

1.1.14 Jackson het nie die paaimente van sy nuwe televisie stel betaal nie. Die winkel het …

A dit verkoop/verhandel.
B dit teruggeëis/teruggeneem.
C hom tegemoet gekom/met hom onderhandel.
D dit gekonfiskeer/in beslag geneem. (1)

1.1.15 Die hoofdoel van voorraadbeheer is om te verseker dat …

A vermorsing verminder word deur genoeg voorraad vir een week te koop.
B produksie gestaak word om die bergingskoste van die finale produkte te verminder.
C daar genoeg grondstowwe beskikbaar is vir produksie.
D genoeg geld in voorraad vir die besigheid belê is. (1)

1.1.16 Die entrepreneur wie se produkte ‘n voordeel het bo die van soortgelyke produkte het ‘n …

A besigheidsinsig.
B geformuleerde idee.
C besigheidsvoordeel.
D mededingende voordeel. (1)

1.1.17 Addisionele kostes wat nodig is om ‘n besigheid te bedryf:

A Bokoste
B Winsopslag
C Veranderlike koste
D Produksie koste (1)

1.1.18 Dit sal die sukses van die onderneming bepaal:

A Die aantal kwaliteit produkte wat geproduseer word
B Die aantal mense wat die produk koop
C Aantreklike verpakking van al die produkte
D Om kostes so laag moontlik te hou (1)

1.1.19 ‘n Onderneming kan vir ‘n lang tyd produkte produseer:

A Beste verkope scenario
B Bemarkingsvoordeel
C Volhoubare winsgewendheid
D Potensiële geskikte produk (1)

1.1.20 Identifiseer uit die onderstaande lys die aanvangskoste vir ‘n kleinskaalse tuis-onderneming wat gebak van die huis verkoop.

(i) Besigheidslisensie
(ii) Salarisse
(iii) Terugbetaling van lening
(iv) Telefoon
(v) Aanvanklie voorraad

A ii en v
B i en v
C iii en iv
D i en ii (1)

1.2 Identifiseer VIER redes vir gereelde personeelopleiding. Skryf slegs die letter (A - H) langs die vraagnommer (1.2) in jou ANTWOORDBOEK bv. 1.2 I, J, K, L.

A. Daar sal minder vermorsing wees
B. Produktiwiteit sal verhoog
C. Aantrekkingskrag vir verbruikers verhoog
D. Wedywering tussen werknemers sal ontwikkel
E. Werknemers se moraal verbeter
F. Die kwaliteit van die werk verminder
G. Onderhoudskostes word verminder
H. Lei tot afwesigheid (4)

1.3 Identifiseer DRIE verantwoordelikhede betrokke by die instandhouding van 'n huis. Skryf slegs die letter (A - H) langs die vraagnommer (1.3) in jou ANTWOORDBOEK bv. 1.3 L, M, N.

A. Beplan 'n waterwys tuin
B. Skep 'n omgewingsvriendelike huis
C. Maak geute gereeld skoon
D. Herstel krake in mure en vensters
E. Sluit die nuutste ontwerpe en tegnologie in
F. Kontroleer die geiser en loodgieterswerk gereeld
G. Herstel die sypaadjie op die straat (3)

1.4 Pas die modeterm in KOLOM B by die illustrasie in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.3) in jou ANTWOORDBOEK bv. 1.4.4 E.

| **KOLOM A<br>Illustrasie** | **KOLOM B<br>Modeterm** |
|---|---|
| 1.4.1  | A. Klassieke Mode |
| 1.4.2  | B. Modeneiging |
| 1.4.3  | C. Modegier |
| | D. Hoogmode |

(3)

1.5 Kies die rede waarom dit by voedsel gevoeg word in KOLOM B wat pas by die voedselbymiddel In KOLOM A. Skryf slegs die letter (A - I) langs die vraagnommer (1.5.1 -1.5.5) in die ANTWOORDBOEK bv 1.5.6 J.

| KOLOM A<br>VOEDSELBYMIDDEL | KOLOM B<br>REDE OM BY VOEDSEL TE VOEG |
|---|---|
| 1.5.1 Lesitien | A Verbeter die geur van voedsel |
| 1.5.2 Natriumnitraat | B Voedsel behou ‘n eenvormige tekstuur |
| 1.5.3 Askorbiensuur | C Verhoed dat olie en water skei |
| 1.5.4 Gelatien | D Maak voedsel witter |
| 1.5.5 Mononatrium-glutamaat | E Preserveer geprosesseerde vleis |
| | F Verhoed groei van skimmel in brood |
| | G Behou kleur van varsgesnyde groente |
| | H Verleng die rakleeftyd |
| | I Verhoed die groei van bakterieë in wyn |

(5)

1.6 Gee die korrekte vorm van energie vir elke nadeel vir die omgewing. Skryf slegs die vorm van energie langs die vraagnommer (1.6.1 - 1.6.5) in jou ANTWOORDBOEK bv 1.6.6 Water.

1.6.1 Veroorsaak rook en rookmis

1.6.2 Produseer koolstofdioksied

1.6.3 Het ‘n negatiewe effek op die ekosisteem

1.6.4 Lei tot erosie en woestynvorming

1.6.5 Veroorsaak omgewingsgevare

(5)

**[40]**

## AFDELING B

### VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 2.1.1 Definieer *rentekoers.* (2)

2.1.2 Verduidelik hoe die Nasionale Kredietwet die repokoers (terugkoopkoers) gebruik om rentekoerse wat deur kredietverskaffers gehef word, te reguleer. (2)

2.2 Verduidelik wat Belasting op Toegevoegde waarde is. (4)

2.3 Gee TWEE noodsaaklike dele van ‘n wettige dienskontrak. (2)

2.4 Verduidelik wat direkte bemarking is. (2)

2.5 Lees die uittreksel van die Standard bank webwerf se verduideliking van ‘n bank swendelskema en beantwoord die vrae wat volg.

**HOE SWENDELSKEMAS WERK**

- ‘n Persoon ontvang ‘n e-pos versoek om sy/haar bankbesonderhede op te dateer deur op ‘n skakel of ‘n ikoon te kliek om ‘n aanhangsel oop te maak.
- Die gevolg is kwaadwillige sagteware wat op jou rekenaar geplaas word.
- Dit kan ook jou persoonlike of digitale bank besonderhede onder verdenking bring.

*[Bron: Bank scams to avoid I Standard bank]*

2.5.1 Identifiseer die swendelskema waarna die inligting verwys. (1)

2.5.2 Skryf ‘n paragraaf en stel VIER maniere voor hoe die verbruiker homself/haarself teen die swendelskema wat in 2.5.1 geïdentifiseer is, kan beskerm. (4)

2.6 Baie dorpe in Suid-Afrika het gekontamineerde kraanwater en riool wat in die strate vloei. Bespreek die gevare vir die inwoners van hierdie dorpe. (5)

2.7 Pieter kan nie kontant betaal vir ‘n nuwe yskas nie. Beskryf die kredietkontrak wat hy kan gebruik om die yskas dadelik te koop. (4)

2.8 Noem VIER voordele om gas in die huis te gebruik. (4)

2.9 Oorweeg die kennisgewing van die Stad Kaapstad en beantwoord die vrae wat volg.




*[Bron: City can now pay cash for power fed into the local electricity grid – CIDC]*

2.9.1 Noem TWEE hernubare vorms van energie wat deel kan vorm van die energie revolusie. (2)

2.9.2 Analiseer hoe hierdie inisiatief van die Stad Kaapstad verbruikers kan lei om verantwoordelikheid te neem om die elektrisiteitskrisis op te los en die koolstofvoetspoor te verklein. (8)

**[40]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Beantwoord die vrae oor die Glukemiese Indeks wat volg.




*[Bron: FOODGROUP:DAIRY (gifoundation.com)]*

3.1.1 Definieer *Glukemiese Indeks.* (2)

3.1.2 Neem die gesondheidssertifiseringsembleme in ag en verskaf uit onderstaande tabel 1 TWEE kossoorte vir elk van die volgende verbruikers. Teken tabel 2 in jou ANTWOORDBOEK en voltooi dit.

**TABEL 1**

| | | | |
|---|---|---|---|
| appel | appelkose | piesang | volgraanmuffin |
| lemoensap | Provitas | ryskoekies | saadbroodjie |
| sportdrankie | waatlemoen | Weetbix | joghurt |

**TABEL 2**

| VERBRUIKER | VOORGESTELDE GI VLAK | TWEE KOSSOORTE |
|---|---|---|
| Kossoorte vir 'n kosblik vir 'n aktiewe tienjarige seun. | (1) | (2) |
| Kossoorte vir 'n volwasse man wat in 'n kantoor werk en 'n sittende lewe lei. | (1) | (2) |
| Kossoorte vir 'n driekamp atleet voor 'n wedren. | (1) | (2) |

(9)

3.1.3 Beskryf hoe verbruikers wat met Tipe 2 diabetes sukkel die glukemiese indeks tot hul voordeel kan gebruik (4)

3.2 Lees die uittreksel van 'n "TED"-praatjie en beantwoord die vrae wat volg.

> Sosiale media het 'n invloed op ons daaglikse aktiwiteite, insluitend wat en hoeveel ons eet. Om onrealistiese foto's te sien, kuberboelies, toeganklikheid tot nie-relevante inligting en die gevoel van uitsluiting kan hoe en wat ons eet verander, gevolglik kan eetversteurings soos anorexia nervosa or bulimia nervosa ontstaan.

*[Bron: Ana maria Romero: Influence of social media in eating disorders I TED talk]*

3.2.1 Identifiseer TWEE gevare van sosiale media. (2)

3.2.2 Beskryf die eetversteuring bulimia nervosa. (3)

3.2.3 Stel DRIE riglyne voor om jong volwassenes te help om gesonde eetgewoontes te verseker terwyl hulle met sosiale media handel. (3)

3.3 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> "Scombroid" Visvergiftiging is 'n sindroom soortgelyk aan 'n allergiese reaksie wat ontstaan nadat vis, wat met hoë vlakke van histamiene besmet is, geëet word. Vis soos tuna en makriel is algemene bronne van hierdie vergifitiging. As hierdie tipes vis nie behoorlik verkoel word nie, begin bakterieë om die vleis van die vis af te breek en histamiene word gevorm. Histamiene is hittebestand en dus kan die siekte ontstaan al is die vis behoorlik ingemaak of gaargemaak.

*[Bron aangepas uit: Scombroid Fish Poisoning – MN Dept. of health.(state.mn.us)]*

3.3.1 Verduidelik wat 'n allergiese reaksie is. (2)

3.3.2 Noem TWEE algemene simptome van 'n allergiese reaksie wat in die gastroïntestinale sisteem ondervind mag word. (2)

3.3.3 Die meeste voedsel-oordraagbare siektes kan verhoed word deur besmette voedsel gaar te maak. Verduidelik waarom dit nie die geval is met "scombroid"-vergiftiging nie. (2)

3.3.4 Stel voor hoe die gebrek aan elektrisiteit as gevolg van beurtkrag bydra tot die verspreiding van hierdie voedsel-oordraagbare siekte. (3)

3.4 Evalueer die onderstaande spotprentjie en staaf die eet van geneties-gemodifiseerde voedsel in plaas van gemorskos.





*[Bron: Can you imagine all those chemicals and side effects in genetically modified foods-Gado (gadocartoons.com)]* (8)

**[40]**

**VRAAG 4: KLEDING**

4.1 Bestudeer die grafiek wat die verskillende modesiklusse uitbeeld en beantwoord die vraag wat volg.




[Bron: *Eie grafiek]*

Identifiseer en beskryf die modes wat uitgebeeld word deur:

(a) Siklus A (2)
(b) Siklus B (2)
(c) Siklus C (2)

4.2 Gee TWEE redes waarom katoen nie altyd die mees omgewingsvriendelikste opsie is nie. (2)

4.3 Bestudeer die onderstaande prentjies en beantwoord die vraag wat volg.



*[Bron: Work Attire Progression from 1940s to the 2000s – TEXAS AMERICAN MARKETING ASSOCIATION (wordpress.com)]*



*[Bron: What does business casual mean for women in business today? - Quora]*

4.3.1 Identifiseer VIER groot verskille tussen die korporatiewe drag van 2000 en die korporatiewe drag van 2023. (4)

4.3.2 Verskaf aan 'n jong volwassene wat die korporatiewe wêreld betree riglyne om geskikte klere te kies. (4)

4.3.3 Stel geskikte veranderinge voor om die 2023 korporatiewe uitrusting aan te pas vir 'n aandfunksie ná werk. (4)

**[20]**

## VAAG 5: BEHUISING

5.1 Daar is kostes wat betaal moet word wanneer 'n huis verkoop word.

(a) Noem DRIE kostes wat deur die koper betaal moet word. (3)
(b) Noem TWEE kostes wat deur die verkoper betaal moet word. (2)

5.2 Lees die gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

> Die Khumalo gesin, bestaande uit Mnr. en Me. Khumalo en hul twee klein kinders verhuis na 'n nuwe stad. Mnr. Khumalo verdien 'n hoë inkomste. Hulle het hul vorige huis teen 'n klein wins verkoop en soek nou nuwe verblyf.

*[Bron: Eie teks]*

5.2.1 Sal die Khumalo gesin in aanmerking kom vir 'n regeringbehuising-subsidie indien hulle besluit om 'n huis te koop? Verskaf TWEE redes vir jou antwoord. (3)

5.2.2 Verduidelik waarom dit noodsaaklik is dat Mnr. Khumalo en die eienaar van die huis wat hulle wil huur, dit moet inspekteer voordat hulle intrek. (2)

5.2.3 Bestudeer die onderstaande prentjies van strykysters en beantwoord die vraag wat volg.

| Strykyster A | Strykyster B |
|---|---|
|  |  |
| Handelsnaam: Phillips<br>Besonderhede: 1200 Watt stoomyster, kleefvry<br>Prys: R219,00 (Spaar R60 na afslag)<br>Land van Vervaardiging: Suid Afrika<br>Waarborg: 1 jaar | Handelsnaam: Kambrook<br>Besonderhede: 2200 Watt stoomyster, met sproeifunksie<br>Prys: R199,00 (Spaar R50 na afslag)<br>Land van Vervaardiging: Australië<br>Waarborg: 2 jaar |

*[Bron: Aangepas uit https://delafinder.co.za]*

Die Khumalo gesin het besluit om strykyster A te koop. Gee VIER redes waarom dit 'n goeie keuse is. (4)

5.2.4 Oorweeg die voordele van die huur en koop van 'n huis en staaf waarom die huur van 'n huis vir ses maande die beste opsie vir die Khumalo gesin sal wees. (6)

**[20]**

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Noem VYF vereistes van goeie kwaliteit verpakking. (5)

6.2 Verduidelik hoe kwaliteitbeheer kan bydra tot ‘n suksesvolle onderneming. (3)

6.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

**ANAT APTER**

“Daar was ‘n lang ry mense wat ‘n stalletjie by die Bruma vlooimark wou kry en ek was heel agter in die ry. Toe staan ek op my tone en skree, “Verskoon my, wil julle hê ek moet falafels hier verkoop?” Die man in die stalletjie het my nader gewink na die begin van die ry” sê Anat Apter, die stigter van die falafel∗ en shawarma∗ agentskappe.

Toe sy begin het, het Anat ‘n voedsel-sleepwa vir R600 gekoop wat sy oor ses maande afbetaal het. Sy het eers net falafels verkoop omdat dit is wat sy die beste kan maak. Sy wou met niks anders as die beste kwaliteit tevrede wees nie. Die strategie het gewerk!

Die kos was heerlik en mettertyd het sy shawarmas, wat sy eers vervolmaak het, aan die vleisliewende Suid-Afrikaners bekendgestel. Die shawarmas was so ‘n wenner dat sy twee jaar later haar eie winkel by die mark geopen het. Haar winkel het voedsel vir vleisliefhebbers, vegetariërs en veganiste verskaf.

Toe hierdie mark begin kwyn, het sy na Sandton verskuif om ‘n nuwe klante basis te vestig.
[∗ Falafel: ‘n Midde-Oosterse gereg van gekruide kekerertjies of ander peulgroente wat in balletjies of koekies gevorm en in diepvet gebraai word.
∗Shawarma: ‘n Midde-Oosterse gereg wat bestaan uit vleis wat in dun skyfies gesny word en in ‘n omgekeerde keël gepak word en stadig op ‘n draairooster of spit gerooster word.]

*[Bron: 10 SA Entrepreneurs Who Built Their Businesses From Nothing I Entrepreneur]*

6.3.1 Identifiseer hoe Anat se teikenmark ontwikkel het soos haar onderneming gegroei het. (4)

6.3.2 Neem Anat se oorspronklike keuse van produk in ag en bespreek die onderstaande faktore:

(a) Beskikbare menslike hulpmiddels (1)
(b) Aantrekkingskrag vir verbruikers (2)

6.3.3 Verduidelik die voordele om haar onderneming in ‘n voedsel-sleepwa te begin. (4)

6.3.4 Gebruik die onderstaande inligting om die verkoopprys van EEN falafel te bereken. Rond die verkoopprys af tot die naaste rand. Toon ALLE berekeninge.

**Inligting:**
Koste van bestanddele om 400 falafels te produseer: R2 810.00
Lone betaal: R1 300.00
Ander kostes: R500.00
Anat wil 70% wins maak. (7)

6.3.5 Gebruik die inligting in die scenario om SES faktore wat bydra tot die sukses van Anat se onderneming te identifiseer. (6)

6.3.6 Regverdig waarom Anat se agentskappe in Suid-Afrika sal aanhou groei. (8)
.

**[40]**

## GROOT TOTAAL: [200]

© SACAI KOPIEREG